

Graad 2: Maandag, 4 Mei 2020

Afrikaans	
Klanke: dr-	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. asdrom, omdraai: draf + skoen ; weg + dryf ; as + drom ; droog + rak ; droom + rok ; krag + draad ; druijp + nat ; om + draai ; skool + drag ; draak + poot
Geheuesin	Ek ry vinnig op my nuwe fiets. (Onthou: Jy moet elke dag jou geheuesin neerskryf, net soos wanneer jy dit vir huiswerk gekry het.)
Lees & Begrip	Lees Plaasdiere (Werkvel 1) én Beeste (Werkvel 2) en beantwoord dan die vrae daaroor mondelings of skriftelik. (Werkvel 3)
Taalwerk: Toekomende tyd	Hierdie week gaan ons kyk na toekomende tyd. Gebruik <u>Werkvel 4</u> om te leer en te oefen om sinne in die toekomende tyd oor te skryf.
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 10'e van 0 – 150. Tel terug in 10'e van 150 – 0.
Getalle & bewerkings	Verlede week het ons geleer oor <i>Volmaak van tiene</i> . Doen hierdie somme volgens daardie metode: $28 + 6$; $19 + 3$; $8 + 5$; $29 + 4$; $9 + 2$
Woordsom	Daar is 3 seuns en 5 dogters by die partytjie. Elkeen kry 2 lekkers. Hoeveel lekkers moet Mamma koop?
Konsep van die dag: Simmetrie	Simmetrie is wanneer jy 'n vorm in 2 dele kan deel en altwee dele lyk presies dieselfde. Jy kan gaan kyk na 'n paar voorbeelde en ook oefen om vorms simmetries te verdeel. (Werkvel 5)
Lewensvaardigheid	
Plaasdiere	Ons leer hierdie week oor plaasdiere. Vandag kyk ons na die 3 groepe waarin ons plaasdiere kan indeel en na beeste. (Werkvel 1 en 2)

Graad 2: Dinsdag, 5 Mei 2020

Engels	
Phonics: k - sound	Woorde op bl. 10 in Phonics-boekie. Leerders moet die <u>woorde</u> kan <u>skryf</u> en ook weet wat elke woord beteken. Hulle kan <u>mondelings</u> 'n <u>sin</u> <u>maak</u> met elke woord om te wys hulle ken die betekenis van die woord en dan oefen hulle sommer terselfdertyd 'n bietjie om mooi Engels te praat.
Sentence	Skryf die sin op bl. 10 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit.
Reading	Leesstuk nommer 11 op bl. 39 van Phonics-boekie. Leerders kan hierdie leesstuk oefen totdat hulle dit vlot kan lees.
Speaking & Vocabulary	<ul style="list-style-type: none"> - Ken u kind hierdie plaasdiere? cow, pig, sheep, chicken, horse, duck - Can you tell the story of "The three little pigs" in your own words? (Moedig u kind aan om hierdie bekende storie in eenvoudige Engels aan u te vertel. Help met woordeskat waar nodig.)
Wiskunde	
Tel mondelings	<p>Tel aan in l'e van 70 – 90. Tel terug in l'e van 70 – 50.</p>
Getalle & bewerkings	<ul style="list-style-type: none"> - Rangskik van groot na klein: 61 15 92 36 85 ; 14 53 36 82 63 - Rangskik van klein na groot: 92 5 26 76 38 ; 68 59 13 92 118
Woordsom	Daar is 4 sakkies. In elke sakkie is daar 5 appels. Hoeveel <u>appels</u> is daar altesaam?
Konsep van die dag: Breuke	Vandag kyk ons na breuke. Gaan lees 'n bietjie wat vertel hulle vir jou oor breuke en probeer dan om die regte breuk in te kleur by elke vorm. (Werkvel 7)
Lewensvaardigheid	
Plaasdiere	Vandag leer ons meer oor skape. (Werkvel 6)

Graad 2: Woensdag, 6 Mei 2020

Afrikaans	
Klanke: dw-	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. dwerghuis; dwaal + spoor ; dwars + deur ; dwerg + huis ; af + dwing ; hoof + dwaas ; dwarrel ; verdwyn ; verdwaal
Geheuesin	Ek nooi my maatjie na ons nuwe huis.
Lees & Skryf	Lees die storie van “ <i>Die dwaas</i> ”. Skryf nou 2 sinne met enige dw – woorde wat jy in hierdie storie gelees het. (Werkvel 8)
Taalwerk: Toekomende tyd	Maandag het ons geleer oor toekomende tyd. Skryf die sinne op Werkvel 9 oor in die toekomende tyd. (Werkvel 9)
Wiskunde	
Tel mondellings	Tel aan in 2's van 70 – 90. Tel terug in 2's van 20 – 0.
Getalle & bewerkings	Ons kyk weer na hierdie somme wat fokus op tiene en ene. Gebruik jou flardkaarte of jou 100 – blok om jou te help as jy sukkel daarmee. $32 + 4 = \underline{\hspace{2cm}}$; $85 - 2 = \underline{\hspace{2cm}}$; $62 - 60 = \underline{\hspace{2cm}}$; $10 + 30 + \underline{\hspace{2cm}} = 80$ $\underline{\hspace{2cm}} - 30 = 50$; $54 - 10 = \underline{\hspace{2cm}}$; $70 - \underline{\hspace{2cm}} = 50$; $43 - 3 = \underline{\hspace{2cm}}$ $50 + \underline{\hspace{2cm}} = 70$; $80 - 20 - \underline{\hspace{2cm}} = 10$; $46 + 30 = \underline{\hspace{2cm}}$; $81 + 20 = \underline{\hspace{2cm}}$
Woordsom	Ek verdeel 20 koekies tussen 3 maats. Hoeveel koekies kry elkeen en hoeveel bly oor ?
Konsep van die dag: Kleingeld	Gaan kyk na Werkvel 10 om te sien hoe jy kleingeld op 'n maklike manier kan uitwerk. Probeer dan hierdie somme doen: $R10 - R3.50$; $R5 - R2.50$; $R10 - R6.50$; $R20 - R8.50$ (Werkvel 10)
Lewensvaardigheid	
Plaasdiere	Vandag leer ons meer oor hoenders. (Werkvel II)

Graad 2: Donderdag, 7 Mei 2020

Afrikaans	
Klanke: fl-	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. blokfluit, flitslig: blok + fluit ; glas + fles ; flap + oor ; stok + flou ; flits + lig ; ge + flous ; flamink + nes ; fluksler
Geheuesin	Ek ry vinnig op my nuwe fiets.
Lees & Skryf	Lees die storie oor "Jannie en sy fluit" en skryf dan die dialoog tussen die kat en die voëltjie. (Werkvel 13)
Taalwerk: Voorsetsels	Vandag leer ons meer oor voorsetsels. Gaan loer na Werkvel 14 vir 'n verduideliking van die konsep en 'n oefentakie. (Werkvel 14)
Wiskunde	
Tel mondellings	Tel aan in 5'e van 100 – 150. Tel terug in 5'e van 130 – 90.
Getalle & bewerkings	- Verdubbel: 36, 73, 28, 47, 19 Onthou om jou somme op die korrekte manier uit te skryf (soos jy dit geoefen het). - Halveer: 34, 58, 92, 76, 108
Woordsom	Ouma bak 25 koeke vir die skool se kermis. Die mense koop 17 koeke. Hoeveel koeke bly oor?
Konsep van die dag: Tydsverloop	Vandag kyk ons na tydsverloop, bv: - Hoe lank is dit van 10 uur tot half 11? (30 minute / halfuur) - Hoe lank is dit van 10 uur tot kwart oor 10? (15 minute / kwartier) - Hoe lank is dit van kwart voor 10 tot 10 uur? (15 minute / kwartier) - Hoe lank is dit van 10 uur tot 11 uur? (60 minute / uur) U kan nog soortgelyke voorbeelde met u kind bespreek. Ons werk slegs met die konsep van uur, halfuur en kwartier. Dit is soms makliker vir hulle om dit fisies op die horlosie te tel sodat dit meer sin maak. Gebruik gerus die horlosie in die huiswerkflippie hiervoor. (Die leerders gaan hierdie konsep waarskynlik nie op die eerste dag sommer net regkry nie. Moenie daaroor bekommerd wees nie. Hersien elke dag een of twee keer so 'n voorbeeld en dan snap hulle dit sommer vinnig.)
Lewensvaardigheid	
Plaasdiere	Vandag leer ons meer oor varke. (Werkvel 12)

Graad 2: Vrydag, 8 Mei 2020

Afrikaans	
Klanke: fr-	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. frokmou, perdfris: frok + mou ; perd + fris ; fraai + ste ; Frik ; frats + golf ; frons + ploo ; frikkadel ; framboos
Geheuesin	Ek nooi my maatjie na ons nuwe huis. (Maak dit deel van vandag se klanketoets.)
Lees & Praat	Lees die leesstuk oor perde en vertel dan in jou eie woorde vir Mamma/Pappa wat jy als oor perde gelees het. (Werkvel 15)
Klanketoets	Vra vir Mamma/Pappa om vir jou enige 10 saamgestelde woorde te vra uit die woorde wat ons hierdie week geoefen het. Kyk of jy volpunte kan kry vir jou toetsie. Onthou van die geheuesin!
Phonics test	Vra vir Mamma/Pappa om vir jou hierdie week se 10 Engelse woorde te vra en dan kyk jy of jy hulle almal reg kan neerskryf. Onthou om ook die sinnetjie te skryf! (Bl. 10 in jou Phonics-boekie.)
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel in aan in 3'e van 0 – 30. (Dit is baie belangrik dat jy vlot in 3'e kan tel, want wanneer ons die 3X-tafel doen, gaan jy dit nodig hê.)
Getalle & bewerkings	<ul style="list-style-type: none"> - <u>Getalname</u>(bv. vier en twintig): 117, 45, 36, 109, 28, 13 - <u>Getalsimbole</u> (bv. 26): honderd en een ; vyf en twintig ; sewentig ; honderd en neëntien ; vier en vyftig ; honderd twee en dertig - <u>Hoofreken</u>: $7 + 1 =$, $39 - 5 =$, $30 + 3 =$, $14 - 2 =$, $18 + 4 =$, $25 - 5 =$, $34 + 2 =$, $36 + 4 =$, $25 - 3 =$, $26 + 1 =$, $11 - 3 =$, $38 - 1 =$, $28 + 4 =$
Woordsom	34 ballonne sweef in die lug. Die helfte bars. Hoeveel ballonne is oor?
Konsep van die dag: Getal 12	Vandag gaan ons 'n bietjie kyk na getal 12. In jou huiswerkflippie is daar 'n takie oor getal 12. Voltooi daardie takie om jou te help om getal 12 sommer goed te leer ken. Daar waar staan <i>ontbind</i> : <i>tiene en ene</i> , werk dit so: $12 = 10 + 2 \rightarrow t 1 + e 2$ (<i>t</i> staan vir tiene, daar is 1 tien in 12 en <i>e</i> staan vir ene, daar is 2 ene in 12). Onthou by die hondjies werk ons met <i>maats van 12</i> → die twee getalle wat onder mekaar staan, moet saam 12 maak.
Lewensvaardigheid	
Plaasdiere	Vandag leer ons meer oor perde. (Werkvel 15)

SKAKELS NA YOUTUBE VIDEO'S

Afrikaans

Voorsetsels: <https://youtu.be/CfkEj2zr19c>

Toekomende tyd: https://youtu.be/QTz88M_aD8c

Wiskunde

Tel in 3'e: <https://youtu.be/FVCI4-e-A-k>

Breuke: <https://youtu.be/FzpaWsdDKV8>

Simmetrie: <https://youtu.be/L3g9B5Hzzo4>

Woordsomme: <https://youtu.be/vu7EK-WFbjA>

Engels

The k – sound: <https://youtu.be/ZDflVnMTBRE>

Farm animals: <https://youtu.be/hewioIU4a64>

The three little pigs: <https://youtu.be/HtHjB6rRmQc>

Lewensvaardighede


Plaasdiere → Deel 1: <https://youtu.be/bxD2F1qNNog>

Plaasdiere → Deel 2: https://m.youtube.com/watch?feature=youtu.be&v=0Ud_BQvfWXU

As die leesboeke in jou huis al almal deurgelees is, is jy welkom om by hierdie skakel te gaan loer vir gratis leesboeke wat afgeblaai kan word. Onthou asb. dit is glad nie verpligtend nie!


[https://www.education.gov.za/Curriculum/LearningandTeachingSupportMaterials\(LTSM\)/GradedReadersandBigBookHL.aspx?fbclid=IwAR3v6ry2I8EibEbMWE50nbwYcv2vZ4yk9G3uDFr7ZLN5s-zWyjf6fpCWXMs](https://www.education.gov.za/Curriculum/LearningandTeachingSupportMaterials(LTSM)/GradedReadersandBigBookHL.aspx?fbclid=IwAR3v6ry2I8EibEbMWE50nbwYcv2vZ4yk9G3uDFr7ZLN5s-zWyjf6fpCWXMs)

Juffrou kan nie wag om te sien hoeveel boeke jy op jou leeslys het nie – ek weet jy lees sommer enige iets waarop jy jou hande kan lê.



Werkvel 1: Plaasdiere

Plaasdiere is belangrik vir mense omdat ons voedsel en klere van hulle kry. Plaasdiere kan in 3 groepe verdeel word:



Werkvel 2: Beeste

manlik = bul geluid (bul) = bulk	vroulik = koei geluid (koei) = loei	baba = kalfie
-------------------------------------	--	---------------

Beeste bly in 'n kraal of hulle slaap in die veld. Hulle vreet gras en drink water. Hul mis word gebruik vir bemesting om in die landerye in te ploeg. Leerprodukte word van hul velle gemaak. Beeste gee vir ons melk. Van melk kan ons verskeie suiwelprodukte maak, byvoorbeeld kaas, yoghurt, botter en room. Ons kry ook vleis van beeste.

Werkvel 3: Vrae oor plaasdiere en beeste

Hoekom is plaasdiere belangrik vir mense? In watter 3 groepe word plaasdiere verdeel? Watter geluid maak 'n koei? Wat vreet beeste? Waarvoor word beeste se velle gebruik? Waarvoor word beesmis gebruik? Gee 'n paar voorbeeld van suiwelprodukte.

Werkvel 4: Toekomende tyd

As iets in die toekomende tyd geskryf is, beteken dit dit moet nog gebeur. Wanneer jy 'n sin in die toekomende tyd moet oorskryf, sal daar altyd "**sal**" in die sin wees, bv: Ek **sal** lekker speel. Ek **sal** slaap.

Ons gaan sinne op 2 maniere in die toekomende tyd skryf. Soms gaan ons met "Môre" begin en soms met 'n ander woord. Hier is voorbeelde.

Skryf oor in die toekomende tyd: **Jannie skop die bal.**

1. Môre sal Jannie die bal skop.
2. Jannie sal die bal skop. (Antwoord 1 en 2 is albei korrek.)

Skryf oor in die toekomende tyd: **Ons swem baie lekker.**

1. Môre sal ons baie lekker swem.
2. Ons sal baie lekker swem.

Skryf die volgende sinne oor in die toekomende tyd. Probeer dit op albei maniere skryf. Die eerste woord van elke sin word vir jou gegee.

1. Biebie lees 'n boek.

Biebie _____

Môre _____

2. Die kat jaag die muis.










Die kat _____

Môre _____










(Doen nog 'n paar voorbeeldes mondelings om die begrip vas te lê.)

Werkvel 5: Simmetrie

I. Trek 'n simmetrielyn deur elke vorm:



2. Teken die ander helfte van elke vorm sodat dit perfek simmetries is:



Werkvel 6: Skape

manlik = ram

vroulik = ooi

baba = lam

geluid = blêr


Skape bly in 'n kraal. Hulle vreet gras en drink water. Hulle moet ingespuit word teen siektes. Skape word geslag vir hulle vleis. Skape word in die somer geskeer vir hul wol. Van die wol kan ons verskeie produkte soos truie, handskoene en musse maak.

Werkvel 7: Breuke

Verdeel 'n appel in 2 gelyke dele.

Onthou, altwee dele moet ewe groot wees.

Nou het jy twee gelyke dele.



Een gelyke deel van die appel word een halwe genoem.

$$1 \text{ halwe} + 1 \text{ halwe} = 1 \text{ hele} \quad \frac{1}{2} + \frac{1}{2} = 1$$



Kleur 1 deeltjie van 2 dele in.
Ons noem dit een halwe.

$$\frac{1}{2}$$



Kleur 1 deeltjie van 3 dele in.
Ons noem dit een derde.

$$\frac{1}{3}$$




Kleur 1 deeltjie van 4 dele in.
Ons noem dit een kwart.

$$\frac{1}{4}$$


Kleur die breuke in.



$$\frac{2}{4}$$




$$\frac{3}{5}$$




$$\frac{1}{2}$$




$$\frac{1}{3}$$




$$\frac{2}{3}$$



$$\frac{4}{5}$$




$$\frac{1}{4}$$



$$\frac{3}{4}$$

Breuke

1 een hele



$\frac{1}{2}$ een halwe




$\frac{1}{3}$ een derde



$\frac{1}{4}$ een kwart



$\frac{1}{5}$ een vyfde



$\frac{1}{6}$ een sesde



$\frac{1}{7}$ een sewende



$\frac{1}{8}$ een agtste



Breuke

hele



halwes



derdes



kwarte



vyfdes



sesdes



sewendes



agtstes



Een hele



hele

Twee halwes



halwes

Vier kwarte



kwarte

Werkvel 8: Die dwaas

Die dwaas dwaal in die donker woud rond. Daar lê 'n stomp dwars oor die voetpad. Die dwaas het verdwaal en hy val oor die stomp. Die blare dwarrel rondom hom soos hy met 'n harde slag op die grond val. Die dwerg wat in die woud woon, dwing hom om van sy towermedisyne te drink. Toe voel hy sommer dadelik weer beter. Hy wil die dwerg bedank, maar daar is niemand. Hy besluit om nooit meer in die donker woud rond te dwaal nie. Hy wonder: "Waarheen het die dwerg verdwyn of het ek maar net gedroom?"

Werkvel 9: Toekomende tyd

Skryf die sinne oor in die toekomende tyd. Die eerste woord van die eerste twee sinne is klaar vir jou gegee. By die derde en vierde sinne kan jy kies met watter woord jy jou sin wil begin.

Jan eet 'n appel. → Môre _____

Jan eet 'n appel. → Jan _____

Sy bak 'n groot koek. → _____

Pappa skop die blou bal. → _____

Werkvel I0: Kleingeld

Kom ons hersien weer hoe ons kleingeld kan uitwerk: bv. Ek koop 'n lekker van R2.50. Ek betaal met R10. Hoeveel kleingeld kry ek?

1. Identifiseer die getalsin (som).	R10 – R2.50
2. Breek eers vir jouself die R2.50 op in rande en sente.	R2.50 R2 50c
3. Minus eers die R2.	R10 – R2 → R8
4. Nou vat ek die 50c weg.	R10 – R2 → R8 – 50c = R7.50

Hier is nog 'n paar voorbeelde:

Ons som is: R20 – R4.50	Ons som is: R5 – R1.50
R20 – R4 → R16 – 50c = R15.50	R5 – R1 → R4 – 50c = R3.50

Werkvel II: Hoenders

manlik = haan geluid (haan) = kraai	vroulik = hen geluid (hen) = kekkel	baba = kuiken
--	--	---------------

Hoenders eet saadjies, blare en insekte. Hulle drink water. Hulle bly in hokke. Hoenders word geslag vir hul vleis. Hulle lê ook eiers wat ons kan eet. Hul mis word vir bemesting gebruik.

Werkvel I2: Varke




manlik = beer	vroulik = sog	baba = varkie	geluid = snork
---------------	---------------	---------------	----------------

Varke is soogdiere. Hulle hou daarvan om in die modder te rol. Hulle bly in hokke. Varke eet basies enige afvalkos. Hulle word geslag vir hul vleis. Daar word leer van hul velle gemaak. Van die leer kan ons leerprodukte soos handsakke, tasse en skoene maak.


Werkvel 13: Jannie en sy fluit

Jannie blaas op sy fluit. Hy hoor voëltjies by sy venster fladder. Hulle flap hul vlerkies en sit op die vensterbank. As Jannie op sy fluit speel, vlieg die voëltjies vrolik rond. As hy ophou speel, vlieg hulle na die boom. Hy steek sy hand in die fles en gooï 'n handvol saadjies op die vensterbank. Hy loop op sy tone en speel weer saggies op sy fluit. Die voëltjies fladder rond en kom sit weer op die vensterbank. Hulle pik die saadjies. Jannie is baie fluks. Elke oggend gee hy vir die voëltjies kos en water. Hy fluister in sy mamma se oor: "Ek het 'n towerfluit." Een aand hoor Jannie 'n geluid. Hy skrik hom byna flou. Hy neem sy flits. In die flou liggie sien hy 'n swart kat. Hy gooï die kat met sy skoen. Sê nou die kat vang die voëltjies? Alles is weer doodstil. Môre sal hy weer op sy fluit speel.

Wat dink jy het die kat en die voëltjie vir mekaar gesê daar op die vensterbank?



Werkvel 14: Voorsetsels



VOORSETSELS

'n Voorsetsel is 'n kleinwoordjie wat gewoonlik die vraag **waar?** of **waarheen?** antwoord.

Ma-hen sit **op** die nes. 

 Die boom staan **langs** die huis, nie **voor** die huis nie.

Hy klim **met** die trappe **op**. 

 Sy skop die eier **uit** die nes.

Die stoel staan **onder** die tafel. 

Die skildery hang **teen** die muur. 
2028A Flash & Learn

Kyk na die prent en vul dan die korrekte voorsetsels in:

1. Die horlosie is _____ die muur.
2. Die bal is _____ die tafel.
3. Die kat is _____ die leunstoel.
4. Die tafel is _____ die leunstoel.
5. Die mat is _____ die vloer.
6. Die lamp is _____ die tafel.
7. Die blomme is _____ die vaas.
8. Die tafel is _____ die stoel en die leunstoel.

Die antwoorde is almal in hierdie blok. Watter woord pas in watter sin?

langs

op

teen

langs

in

onder

op

tussen

Werkvel 15: Perde

manlik = hings

vroulik = merrie

baba = vul

geluid = runnik

Perde eet gras of hooi en drink baie water deur die dag. Hulle hou van lekkernye soos vrugte en groente en sal selfs 'n klontjie suiker eet. Perde is mak hoefdiere. Hulle word hoofsaaklik aangehou as trek- of rydiere. Perde kan ook gebruik word in sportsoorte. Wanneer 'n perd geborsel word, noem ons dit roskam.

MOEDERSDAG: Sondag, 10 Mei 2020

Moedersdag is 'n dag wat moeders en moederskap gedenk.

Moedersdag word in Suid-Afrika (en meeste ander Westerse lande) op die tweede Sondag van Mei gevier. Mense wat die dag vier, bederf gewoonlik hulle moeders op die dag. Hulle bedien soms ontbyt aan hulle moeders in die bed en help met kosmaak en ander huishoudelike take. Kaartjies, blomme en geskenke word ook soms op dié dag aan moeders gegee om die dag vir hulle ekstra spesiaal te maak.










ADDISIONELE WERKVEL

I. Getalpatrone

46	44	42	-----	-----	-----	-----
23	33	43	-----	-----	-----	-----
80	70	60	-----	-----	-----	-----
35	40	45	-----	-----	-----	-----
19	21	23	-----	-----	-----	-----
14	13	12	-----	-----	-----	-----
22	27	32	-----	-----	-----	-----

2. Analoogtyd

		
8 uur		kwart voor 7
		
		half 10
		
		kwart oor 10

ADDISIONELE WERKVEL

3. Grafiek: Voertuie

20				
19				
18				
17				
16				
15				
14				
13				
12				
11				
10				
9				
8				
7				
6				
5				
4				
3				
2				
1				
	fiets	bus	taxi	motor

Watter voertuig word die meeste gebruik?

Watter voertuig word die minste gebruik?

Wat is die verskil tussen die aantal taxi's en die aantal motors?

Wat is die som van die fietse en die busse?


Hoeveel meer is die fietse as die taxi's?

ADDITIONELE WERKVEL

4. Kleingeld

R20 – R5.50	R20 – R5 → R15 – 50c = R14.50
R10 – R2.50	
R5 – R1.50	
R20 – R3.50	
R10 – R4.50	
R5 – R3.50	

5. Watter breuk is ingekleur op elke prent?



6. Maats van 12

$1 + \quad = 12$	$12 - \quad = 4$	$8 + \quad = 12$	$12 - \quad = 10$
$12 - \quad = 3$	$11 + \quad = 12$	$12 - \quad = 1$	$4 + \quad = 12$
$2 + \quad = 12$	$12 - \quad = 2$	$12 + \quad = 12$	$12 - \quad = 6$
$12 - \quad = 9$	$3 + \quad = 12$	$12 - \quad = 8$	$9 + \quad = 12$
$6 + \quad = 12$	$12 - \quad = 5$	$5 + \quad = 12$	$12 - \quad = 0$
$12 - \quad = 11$	$7 + \quad = 12$	$12 - \quad = 7$	$0 + \quad = 12$

ADDISIONELE WERKVEL

7. Treintjiesomme: Getal 12

$6 + 2 + \quad = 12$	$1 + \quad + 0 = 12$	$12 - \quad - 2 = 6$
$8 + \quad + 3 = 12$	$\quad + 1 + 1 = 12$	$12 - 3 - 1 =$
$\quad + 4 + 3 = 12$	$12 - 8 - 2 =$	$12 - 5 - \quad = 2$
$5 + 3 + \quad = 12$	$12 - 4 - \quad = 8$	$12 - \quad - 3 = 9$

8. Teken die eindtyd in op die horlosies:

Begintyd	Hoe lank?	Eindtyd
	Emma spring 15 minute lank tou.	
	Jaco speel 'n halfuur lank sokker.	
	Jodi lees 'n kwartier lank boek.	
	Anna kyk 30 minute lank televisie.	
	Koos slaap 'n uur lank.	
	Juffrou merk 60 minute lank boeke.	

ADDISIONELE WERKVEL

9. Begripstoets: Emma se dagboek

Liewe Dagboek

Ek het vandag 'n heerlike dag by die skool gehad. Ons het baie Wiskunde in die klas gedoen. Ek hou van somme maak. Pouse het ek met my maats Anna en Marie gespeel. Ons het boom geklim en wegkruipertjie gespeel. Ek kon nie vir Anna kry nie. Sy is baie goed met wegkruip. My ma het vir my lekker kos gemaak vir middagete. Toe ek van die skool af by die huis kom, het Snuffels vir my in die tuin gewag. Hy is die slimste hond in die hele wêreld. Dit het begin reën, toe speel ons binne.

1. Wat is 'n ander woord vir lekker?
2. Met wie het Emma pouse gespeel?
3. Wie is baie goed met wegkruip?
4. Het Emma haar middagete geniet? Hoekom sê jy so?
5. Watter dier was in die tuin?
6. Hoekom het Emma en Snuffels binne gespeel?

10. Skeppende skryfwerk: My droom

Skryf 'n storie oor 'n droom wat jy gehad het. Indien jy nie oor jou eie ervaring wil skryf nie, kan jy sommer 'n droom opmaak. Dalk kan jy oor iets skryf wat jy graag sal wil droom....

